



G-M. VAN DER WAAL. *Van mynkamp tot metropolis : die boukuns van Johannesburg 1886-1940.* Chris van Rensburg Publikasies vir die RGN : Pretoria, 1986. 267 pp. Geïll. R60,00 (eksklusief). ISBN 0 86846 039 7. (Ook beskikbaar in Engels as *From mining camp to metropolis*).

Die geskiedenis van die stad Johannesburg is dinamies en een van verandering. Van der Waal beskryf Johannesburg se ewig-polsende verandering in terme van sy stadsuitleg en -argitektuur. Sodoende word 'n huwelik tussen geografiese en argitektoniese detail voltrek.

Hoewel Johannesburg met sy hoë geboue en diep myne vandag 'n vertikale beeld het, was sy ontstaan horisontaal van aard. In die eerste van die vier hoofstukke, 1886-1890, is die klem begryplikerwys minder op die opslaan-sinkgeboutjies as op die uitgestrekte mynkamp as geheel. Dit was in die dae voor diepskagmyne.

Die oos-wes-parallellelyne, gevorm deur Hospitaalheuwel, die spoorlyn en die hoofgoudrif, het die ontwikkelingspatroon van mynkamp tot dorp bepaal. In die suide was die myne, in die middel die besighede en winkels en in die noorde, ooste en weste die woongebiede. Strate is in 'n roosterpatroon uitgelê — 'n patroon wat in die meer permanente geboue wat teen 1890 begin verskyn het, weerspieël is.

Die stadskarakter wat Johannesburg tot 1940 sou kenmerk, is reeds in die vroeë 1890's vasgelê: strate was eerder deurgangsweë as plekke van sosiale samekoms, pleine is beskou as oop stukke grond, ideaal vir (owerheids)-verbouing; kantoorgeboue het formeel en geslote voorgekom; winkels het met onafhanklike ontwerpe aandag getrek, terwyl winkelvensters elk 'n eiesoortigheid uitgestraal het. (Interessant dat die vroeë winkels meer torings as die kerke gehad het!) Privaatwonings het aanvanklik eksklusiwiteit nagestreef en met die natuurlike omgewing saamgesmelt. Mettertyd sou die boukuns van privaatwoongebiede egter al meer met die natuur kontrasteer.

In die res van die hoofstukke volg die skrywer 'n eenvormige styl. Die tydperk in elke hoofstuk word gedek aan die hand van die uitleg as geheel,

waarna beskrywings volg van die stadsentrum en voorstede, elk met hul oop ruimtes, strate, gebouetipes en spesifieke geboue. Die klem val op die gebouetipes. Aangesien foto's as primêre bron vir geboubeskrywings gebruik is, is dit begryplik dat boutendense in die werkersklaswoongebiede en industriële areas byna totaal ontbreek.

In die 1890's (hoofstuk 2) het diepskagmynwese verseker dat Johannesburg 'n blywende nedersetting sou wees. Geboue van blywender aard van drie tot vier verdiepings hoog het hul verskyning begin maak. Die gebrek aan name van die 19de-eeuse argitekte doen ongelukkig afbreuk aan die 'eie' stempel van geboue wat mettertyd 'n unieke karakter begin vertoon het.

Die vroeë jare van die 20ste eeu is gekenmerk deur die Beau Arts-mode wat geleidelik in die sogenaamde Tradisionele styl ontwikkel het. Die bouregulasies van 1900-1930 het die hoogte van geboue beperk en dit was eers in 1934-1935 dat hoër geboue toegelaat is. Met die ekonomiese oplewing van die 1930's, nadat Suid-Afrika die goudstandaard verlaat het, het 'n ware bou-oplewing gevolg. Gewapendebeton-strukture het meer lig deurgelaat, terwyl beter boutegnieke hoër geboue moontlik gemaak het. Die belasting van grond (en nie geboue nie) het eienaars na 1919 aangemoedig om meer gebuik te maak van die persele en toringgeboue op te rig. Hierdeur het Johannesburg se vertikaliteit tot sy reg gekom.

Die straatkaarte wat Van der Waal spesiaal vir die boek geteken het, is duidelik en waardevol as illustrasiemateriaal. Tog is dit eienaardig dat die Derde Beursgebou, Hollardstraat, in die 1920-kaart 'n blok van Hollardstraat af geleë is! Die 484 sepiafoto's is uitstekende afdrukke wat die beskrywings in die teks goed aanvul. Dit is jammer dat die lang paragrawe kruisverwysing na die foto's ontmoedig. Met korter paragrawe sou verwysings van teks na foto en/of aantekening en terug na teks soveel makliker gewees het — iets wat die boek ook aantrekliker vir die nie-akademiese of steekproefleser sou maak.

Dit sou miskien ook raadsaam gewees het om kostes en lengtemate in die eenhede van die tyd uit te druk. Met die onsekere en wisselende waardes van geldeenhede verloor die boukoste van byvoorbeeld R900 000 (£450 000) vir die stadhuis in 1912 baie trefkrag. Die beweegrede vir die alfabetisering van die indrukwekkende bibliografie is ook duister. Baie ongepubliseerde bronne is geraadpleeg en dié van die Braamfontein Co. in die Johannesburg Consolidated Investment-argief is byvoorbeeld — ietwat verwarrend — onder 'Minutes' gelys. Dit mag ook help om 'n errata-aanduiding aan te bring om daarop te wys dat bladsy 258 en 259 verkeerdom gedruk is. Andersins is die gehalte van die proefleeswerk puik.

Van mynkamp tot metropolis is ongetwyfeld 'n waardevolle toevoeging tot die argitek-historiografie. Dit verleen akademiese regverdiging aan 'n onderwerp wat in die verlede primêr tot koffietafelboeke beperk is.

*BARBARA CONRADIE*
*Standard Bank Argief*